Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE PERS AS BRON OOR DIE GESKIEDENIS VAN DIE EERSTE VRYHEIDSOORLOG

*Lt A. M. Adl

*'Het puntjie van een gaeuwe pen*
*is 't felste wapen dat ik ken'*
*—Vader Cats.*[1]

**The role of the press of the time (locally and overseas) and in particular its reliability as a source of information on the war of 1880-1881 between the Zuid-Afrikaansche Republiek and Britain is the subject of this article. The author comes to the ultimate conclusion that because of poor communications or total lack thereof, and because of the fact that personal sentiment played too great a part in the journalism of the war correspondents and press editors, the press of the time cannot be regarded as a reliable source for research on the history of the war in question.**

## Inleiding

Volgens lord MaCauly is die pers die enigste bron wat die juiste geskiedenis van 'n volk weergee.[2] Hierdie stelling kan egter bevraagteken word as die koerante wat tydens die Eerste Vryheidsoorlog verskyn het nader getrek word om die geskiedenis van hierdie oorlog te verhaal. Mededelings oor die oorlog verskil van koerant tot koerant en is ook nie altyd korrek as dit vergelyk word met feite wat reeds beskikbaar is nie. Sodanige foutiewe inligting kan aan twee redes toegeskryf word, naamlik swak kommunikasiemiddele en die subjektiewe betrokkenheid van verslaggewers by òf die Boere òf by die Engelse. Die doel van hierdie artikel is om die redes vir die publikasie van verdraaiings in die koerante van destyds te ondersoek en vervolgens aan te dui waarom die pers nie as enigste bron gebruik kan word om die geskiedenis van die Eerste Vryheidsoorlog te boekstaaf nie. Dit is nie moontlik om al die koerante wat gedurende die Eerste Vryheidsoorlog gepubliseer is, plaaslik sowel as oorsee, te noem nie. Derhalwe word net van die belangrikstes soos *De Zuid-Afrikaan, The (Grahamstown) Journal, De Volkstem, Natal Witness* (almal plaaslik) en *The Times, Standard, London News* en *Daily Telegraph* (almal oorsese) bespreek.

## Kommunikasiemedia

Kommunikasie tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die buitewêreld, (di die Kaap, Oranje-Vrystaat, Natal en Europa) was uiters beperk. Hierdie gebrekkige kommunikasie was die regstreekse gevolg van die afwesigheid van kommunikasiemiddele wat oor die groot afstande doeltreffend kon funksioneer. Die Republiek was grotendeels afhanklik van die poskoets, wat een keer per week vanuit die Kaap gekom het asook van boodskappers, vir nuus en inligting buite sy grense. Eweneens was die Kaap, Oranje-Vrystaat, Natal en Europa afhanklik van poskoetse en boodskappers vir húl inligting omtrent die Transvaal. Daar was min begrip vir die Boere se vryheidsdrang in die Transvaal, want die groot afstande wat hulle van mekaar geskei het, het meegebring dat die buitewêreld en veral die Britse volk nie die strewes van die Transvalers kon verstaan nie. Dit was dus vir die Britse volk maklik om ligtelik te aanvaar dat die Boere in Transvaal barbaars was daar almal wat 'beskawing' teëgestaan het, barbare moes wees. Die Britse bewind oor 'n land, het 'beskawing' vir daardie land beteken. Hierdie gebrek aan kommunikasie het veral sy neerslag in die pers gevind, plaaslik en oorsee. 'n Studie van die koerante wat voor en tydens die Eerste Vryheidsoorlog gepubliseer is, getuig daarvan. Koerante wat die anneksasie van Transvaal goedgekeur het, soos byvoorbeeld *The Times* (Engeland) en *The (Grahamstown) Journal* (Kaap) het die Transvalers se verset teen die Britse bewind openlik aangeval en misleidende artikels oor die Republiek gepubliseer. Die koerante wat daarenteen die anneksasie van Transvaal afgekeur het, soos die *Graphic* (Engeland) en *Natal Witness* (Natal) het skerp kritiek uitgespreek teen die Britse optrede in Transvaal en die Boere ondersteun. Alvorens daar egter enigsins verder uitgebrei kan word oor die pers, is dit noodsaaklik

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

om die kommunikasiemiddele met behulp waarvan die media hul informasie bekom het, van naderby te beskou.

In 1879 is 'n aanvang gemaak met die aanlê van telegraaflyne tussen Natal en Transvaal wat meegebring het dat die Transvaal minder geïsoleerd was tov die ontvangs en verspreiding van inligting. Die telegraaf het gedurende die oorlog egter nie baie lank as kommunikasiemiddel gefunksioneer nie. Die Boere wat vroeg reeds besef het dat die telegrafiese versending van inligting tot die vyand se voordeel sou strek, het die telegrafiese verbindings vernietig. Die telegraafpale is gewoonlik verbrand, want die Boere was terdeë daarvan bewus dat die pale nie maklik vervang kon word nie aangesien daar nie geskikte bome in voldoende hoeveelhede in Transvaal was vir die maak van telegraafpale nie. Al die telegraaflyne is egter nie vernietig nie, soos byvoorbeeld die lyn tussen Heidelberg en Laingsnek, want die Boere het daarin geslaag om telegrafiese boodskappe te onderskep.[3] Hoewel die Engelse hul telegrafiese boodskappe gekodifiseer het, was die telegraaf nie langer die ideale kommunikasiemiddel nie, want die Boere kon nog altyd die boodskappe onderskep. Die enigste uitweg was maar om die poskoets en boodskappers te gebruik om inligting oor die vyand te bekom, al was dit 'n langsame metode.

Terwyl die poskoets nog sy weeklikse reis tussen Kaapstad en Pretoria in veiligheid kon aflê is inligting met die poskoets versend. Dit was egter nie die ideale manier om inligting vinnig te bekom nie, want die koets het slegs een keer per week sy rondte gedoen. Die 94 Bataljon is bv by Bronkhorstspruit verslaan nadat hulle nie betyds 'n boodskap ontvang het nie. Die boodskap was nie betyds op die poskoets nie en gevolglik moes 'n boodskapper te perd met die boodskap Lydenburg toe jaag, waar hy twee dae te laat aangekom het. Die 94 Bataljon wat vóór die uitbreek van die oorlog in Pretoria moes wees, moes wag op die bevel om vanaf Lydenburg na Pretoria te vertrek en dié opdrag is twee dae ná die oorlog uitgebreek het ontvang.[4] Die poskoets het bowendien nie gedurende die Eerste Vryheidsoorlog Transvaal toe gegaan nie en het dus nie verder 'n rol gespeel in die versending van inligting nie.

Boodskappers te perd of te voet was die laaste middel wat die Boere en Engelse tot hul beskikking gehad het om inligting te versend. Hierdie laaste uitweg was egter 'n baie feilbare metode. Omdat die Boere altyd op die uitkyk was vir vyandelike boodskappers het die boodskappers altyd gevaar geloop om gevang te word en het dit baie selde gebeur dat 'n Engelse boodskapper sy bestemming bereik. Een van die min rapportryers wat die Boere kon ontvlug was ene H. L. Dacombe, wat vanaf Kimberley met inligting na die omsingelde Pretoria gestuur is. Een metode wat gevolg is om te verseker dat inligting nie onderskep kon word nie was om dit op mikrofilm vas te lê en in 'n hol stok te versteek.[5] Sou die boodskapper dus deur die Boere agtervolg word, kon hy die stok neergooi om hom weer later te gaan optel wanneer hy sy agtervolgers afgeskud het. Ene meneer Gros, 'n Sweed van afkoms, het die inligting op mikrofilm in Pretoria vasgelê. Die Engelse boodskappers het nie alleen met die Boere te kampe gehad op hul sendings nie; swartes in Natal wat die Boere goedgesind was, het dié boodskappers om die lewe gebring as laasgenoemde by hul krale aangedoen het.

Daar is ook van Swartes gebruik gemaak om inligting te versend maar hulle het vir die Engelse baie probleme geskep. Die Swartes het makliker in die Boere se hande geval of tou opgegooi en het ook dikwels by die omsingelde Engelse aangekom met valse inligting in 'n poging om 'n beloning by hulle te kry. Boodskappers het dikwels by die Engelse aangekom met vals inligting wat deur die Boere saamgestel is om die Engelse te mislei. Die boodskappers het dus dikels meer gevaar vir die Engelse in onder andere Potchefstroom en Pretoria, ingehou as wat hulle betroubare inligting gebring het.

## Die pers

Daar wás dus kommunikasiemiddele waardeur inligting verkry kon word tydens die Eerste Vryheidsoorlog, maar hierdie midddele was geensins doeltreffend nie. Inligting vanuit die Transvaal het meestal die buitewêreld met 'n ompad bereik en mense het die geleentheid gehad om allerlei versinsels oor gebeure in die Transvaal op te dis en sodoende 'n vals beeld van beide die Boere en die Engelse in Transvaal te skep. Dit was veral die pers wat dikwels hierdie swak kommunikasie tot hul eie voordeel aangewend het, deur 'n swak beeld te skep van die Boere ten einde die anneksasie van Transvaal te regverdig. Baie min Britsgesinde lesers sou dié beeld bevraagteken, want die pers was hul enigste bron van inligting. Dieselfde het vir die pro-Boer gesinde pers gegeld. Die pers het sy inligting langs omweë bekom as gevolg van die ondoeltreffende kommunikasiemiddele. Dit is

logies dat hulle nie altyd betroubare inligting verkry het nie en bloot gepubliseer het wat hulle ontvang het. Daar is egter ook dikwels doelbewus misleidende artikels oor Transvaalse aangeleenthede gepubliseer. Die vraag ontstaan nou of die pers wel wat betref die Eerste Vryheidsoorlog, as enigste juiste bron oor geskiedenis van 'n volk beskou kon word, as die koerante van daardie jare bestudeer word.

## Oorsese pers

Daar het 'n illustrasie in 'n Britse koerant verskyn van 'n berede Boer wat met 'n rewolwer op Britse soldate vuur. Het die Britse volk enige kennis oor die Boere gehad, sou hulle besef het dat die illustrasie 'n wanbeeld van die Boere voorstel. Die Boere het nooit hul perde in 'n skermutseling gebruik nie, want hulle was te kosbaar om aan die gevare van 'n slagveld blootgestel te word (die perde is altyd 'n ent weg van die slagveld by 'n agterryer gelos). Die Boere het ook gewoonlik oor 'n afstand met gewere op die Engelse soldate geskiet. Rewolwers is daarenteen selde aangewend omdat die Boere nie so naby aan die Engelse gekom het om dit doeltreffend te kon gebruik nie.[6] Die Britse volk was deur 'n té groot afstand van die Transvaal geskei om te kon weet dat die Boere slegs hul eiendom wou beskerm en nie hul lewens onnodiglik in gevaar sou stel deur byvoorbeeld te perd tussen die Engelse soldate in te jaag nie. Verskeie Britse koerante het beweer dat duisende Swartes gedwing is om saam met die Boere te veg, alhoewel slegs 'n paar Swartes as touleiers gebruik is. Ná die slag van Majuba het daar éérs baie valse berigte in die koerante verskyn. In die *Standard* en *Illustrated London News* is byvoorbeeld beweer dat die Boere vir generaal Colley geskiet het terwyl hy 'n wit vlag gehys het en later om sy lyk gedans het. Die *Natal Witness* het berig dat luitenant-kolonel Steward ná Colley se dood 'n wit vlag aan die generaal se swaard vasgemaak het. Dié wit vlag was volgens verskeie van die Britse soldate egter die hospitaal se vlag wat direk agter generaal Colley gehang het. Albei koerante het dus foutiewe informasie aan hul lesers oorgedra. Volgens oorsese koerante is daar ten minste 500 Boere gedood by Majuba, terwyl daar slegs een Boer gesneuwel het. 'n Tweede Boer is later dood agv wonde wat hy tydens die slag opgedoen het. Dit was vir die Britse volk onaanvaarbaar dat slegs twee Boere gedood is nadat daar tussen 20 000 en 30 000 rondtes op die Boere afgevuur is. Die pers kon net nie die ware syfers publiseer nie, want dit sou na 'n onwaarheid lyk. Het die Britse volk egter die Boere se metodes van oorlogvoering geken, sou die syfer nie vir hulle onaanneemlik gewees het nie. Daar is ook in die koerante beweer dat die Engelse soldate die Boere later met klippe gegooi het omdat hulle nie genoeg ammunisie gehad het nie. Die bewering is deur 'n ooggetuie, ene Norris-Newman die nek ingeslaan. Hy was in die kamp by kaptein Roberts toe van die soldate wat teruggeval het, by die kamp aangekom het. Kaptein Roberts het die soldate nog ammunisie aangebied wat die soldate van die hand gewys het daar hulle nog genoeg rondtes gehad het. Dit was vir die Britse volk ondenkbaar dat die opgeleide Britse soldaat deur onopgeleide boere verslaan kon word.

Die meer radikale koerante wat teen die Britse anneksasie van Transvaal gekant was, het self ook nie altyd korrekte inligting gepubliseer nie. Dié koerante het onder andere beweer dat die Boere koelbloedig deur die Engelse soldate doodgeskiet is. Die Boere het egter weinig verliese gely tydens die oorlog en dit is te betwyfel of enige van diesulkes ooit koelbloedig doodgeskiet is. Die Boere is ook beskuldig van koelbloedige moord soos byvoorbeeld op kaptein Elliot — aldus *Vanity Fair* (London). Generaal Colley het beswaar gemaak teen hierdie valse berigte omtrent die Boere omdat dit sy soldate sleg beïnvloed het. Die Engelse soldate het òf met haat òf met vrees teenoor die Boere die slagveld betree en dit het 'n nadelige uitwerking op hul moreel gehad. Generaal Colley was van mening dat albei partye ewe skuldig was aan wreedhede wat voorgekom het en dat oorlog nooit sonder wreedhede was nie.

Die stryd in die Transvaal het 'n politieke stok in die hand van die pers geword. Die Britse leserspubliek wat afhanklik van die pers tov inligting oor gebeure in die Transvaal was, is mislei vanweë die pers se neiging om gebeure in Transvaal op 'n wyse te plooi wat die koerant se beleid gepas het. Twee verskillende Britse koerante het uiteenlopende vertolkings geheg aan die slag by Laingsnek; die een het dit as 'n oorwinning bestempel terwyl die ander koerant dit as 'n neerlaag vir die Britse soldate beskou het. Aangesien die Britse volk eers ná Majuba besef het dat die gebeure in Transvaal nie maar net nog 'n koloniale verskilletjie was nie, kon die pers foutiewe inligting publiseer sonder dat enige gegewens bevraagteken sou word. Die Transvaal was vir die Britse volk maar net nog 'n koloniale verowering vir Brittanje. Volgens die *Illustrated London News* was die leserspubliek, wat nie eers seker was waar die Transvaal geleë was nie, meer begaan oor moeilike plekname soos Potchef-

stroom en Bronkhorstspruit as die Britse verliese by Laingsnek.[8] *The Times* (Londen) was van mening dat dit onnodig was om te veel aandag te skenk aan 'n illusie wat 'n handjievol Boere sou aanmoedig om teen die magtige Brittanje te wil opstaan.[10] Tog was die *Times* een van die koerante wat die meeste prominensie aan die gebeure in Transvaal verleen het. Sy kommentaar was dan ook suiwer daarop gemik om die Boere in so 'n slegte lig moontlik te plaas en sodoende die Britse regering se optrede in Transvaal te kondoneer. Die oorsese koerante kan derhalwe nie as enigste bron gebruik word wat betref geskiedskrywing oor die Eerste Vryheidsoorlog nie.

## Plaaslike pers

Die plaaslike pers in Suid-Afrika was verdeeld en het gevolglik ook teenstellende standpunte ingeneem. Tussen *De Volkstem, De Zuid-Afrikaan, De Patriot, The (Grahamstown) Journal, De Express, De Vriend van de Souwereiniteit en Bloemfonteinsche Courant, Natal Witness* en *Natal Mercury* was weinig eensgesindheid wat beleid ten opsigte van die Transvaalse vryheidstryd betref. Hoewel dié pers soveel nader aan die Transvaal was as die oorsese pers, het dit nie beteken dat al die inligting wat hulle gepubliseer het deurgaans korrek was nie. Die plaaslike pers was ook maar afhanklik van inligting wat hulle langs 'n ompad bereik het en wat allesbehalwe absoluut juis was. Verder was die plaaslike koerante ook gebonde aan hul beleid ten opsigte van die Britse regering onderwyl die blaaie wat die Britse regering gesteun het, die Transvalers se verset afgekeur het.

*De Zuid-Afrikaan* (Kaap) was vanselfsprekend huiwerig om kommentaar te lewer oor die stryd in die Transvaal en het deurentyd die hoop uitgespreek dat die oorlog spoedig sou eindig. *De Zuid-Afrikaan* het egter tog op 'n bedekte wyse simpatie uitgespreek met die Boere. In 12 Januarie 1881 se redaksionele kommentaar is byvoorbeeld aangevoer dat die Britse volk teen die oorlog gekant was en die Transvaal onder valse voorwendsels geannekseer is. Na die veldslag by Majuba was die kommentaar van die blad op 31 Maart 1881: *'ze was hun vierde en tevens hun schitterendste (oorwinning) by Majuba-Berg'*. Die oorwinning was 'n bewys van die Boere se moed, *'den moed der tot niet lang geleden veracht Boeren'*, aldus dié koerant.

*De Patriot*, met D. F. du Toit as redakteur, het openlik simpatie betoon aan die Boere, die *'verongelykte landsgenote'*. As gevolg van sy simpatieke houding teenoor die Boere in Transvaal, het dié blad se intekenaars aansienlik toegeneem. Die Afrikaanssprekende Kapenaars het oorwegend kant vir die Boere gekies.

*The (Grahamstown) Journal* was van mening dat die Boere in Transvaal 'n ongeregverdigde stryd gestry het. Volgens die blad was die anneksasie van Transvaal tot groot voordeel vir die hele Suid-Afrika: 'The annexation of the Transvaal was one of the most important benefits ever conferred upon South Africa'.[12] Dit was van mening dat alleen oorwinning oor die Boere vrede en voorspoed vir Suid-Afrika sou bring — dit was dus belangrik dat die Engelse moes veg tot hulle die Republiek verslaan het. *The (Grahamstown) Journal* het die Kaapse regering gesteun in sy beleid van neutraliteit ten opsigte van die Transvaalse stryd en daar was dus geen begrip vir die Boere nie. Hierdie gebrek aan begrip is te verstane as in gedagte gehou word dat die Oos-Kaap en veral Grahamstown 'n oorwegend Britse bevolking gehad het. Die Kaapse pers was gevolglik verdeeld in sy beleid teenoor die Boere in Transvaal. Die Afrikaanse koerante was die Boere in Transvaal simpatiekgesind, want hulle het per slot van sake ook Afrikaans gepraat en was deel van die Taalstryd. Die Engelse koerante was weer afsydig teenoor die Transvalers want hulle het hul gedistansieer van die Taalstryd en dus die Afrikaner.

In die Oranje-Vrystaat was daar hoofsaaklik twee koerante, naamlik *De Vriend* en *De Express*. *De Vriend* was gekant teen die Transvaal se vryheidstryd. Die koerant het die Boere as rebelle beskou wat onnodiglik bloed vergiet het, aangesien die Britse regering tog immers vryheid van geloof en spraak aan al sy onderdane beloof het![13] Volgens dié blad moes die Britse regering strenger teenoor die rebelle optree. Die Vrystaatse regering was nie ten gunste van die oorlog in Transvaal nie en het verkies om neutraal te bly. Dié koerant se naam is later verander na *The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette* as gevolg van sy oorwegend pro-Britse politiek. Die tweetalige weekblad, *De Express*, met sy republikeinse redakteur, C. Borckenhagen, was die Boere in Transvaal goedgesind. Borckenhagen was oortuig dat die samesnoering van die Afrikanerkragte onafhanklikheid in beide Transvaal en die Oranje-Vrystaat sou verseker — hy wou naamlik beide Transvaal en die Oranje-Vrystaat as onafhanklike republieke met gemeenskaplike belange sien.

Dié koerante se uiteenlopende nosies oor die Transvaalse stryd was verteenwoordigend van die Vrystaters se gevoelens betreffende die oorlog in Transvaal. Die Oranje-Vrystaat was onder susereiniteit en het 'n beperkte mate van selfbestuur gehad. Uit vrees dat hulle dié sou verbeur, het die Vrystaters verkies om neutraal te bly. President Brand het egter van sy kant af vrede tussen die Transvalers en die Engelse probeer bewerkstellig. Die Boere veral in die noorde van die Oranje-Vrystaat het egter nie heelhartig die Brand-regering se neutrale beleid gesteun nie en sommige het by die Transvaalse magte aangesluit.

In Natal waar die blanke bevolking oorwegend Engelssprekend was, kon daar ook nie 'n voldonge konsensus ten opsigte van die oorlog in Transvaal bereik word nie. Die *Natal Mercury*, wat die Boere skerp gekritiseer het, het byvoorbeeld beweer dat duisende Swartes gedwing is om saam met die Boere te veg, ofskoon dit nie die geval was nie. Die paar Swartes wat saam met die Boere was, was touleiers. Een van die *Natal Mercury* se korrespondente — hy het homself *'Junius'* genoem — het beweer dat die Boere Zoeloes met die dood gedreig het as hulle nie die Boere sou help veg teen die Engelse soldate nie.[15] Verskeie wreedhede wat die Boere sou gepleeg het, is in die *Natal Mercury* beskryf.[16] Sir Evelyn Wood het ondersoek na die wreedhede gedoen, maar nie een van die beweerde wandade wat deur die koerant genoem is, kon bevestig word nie.

Die *Natal Witness*, met die berugte Alfred Aylward as redakteur, het op sy beurt die Boere gesteun. Aylward het ook as oorlogskorrespondent opgetree, maar sy bewerings het nie altyd met die ware feite gestrook nie. Hy het 'n persoonlike vete met die Engelse gehad en dit het sy verslaggewing in die *Natal Witness* eensydig beïnvloed. Hy het ook vir die *Daily Telegraph* (Londen) as oorlogskorrespondent opgetree en gevolglik het ook laasgenoemde koerante onbetroubare berigte gepubliseer. Die Engelse het hom bowendien as 'n verraaier en 'n Ierse rebel beskou.[17] Aylward het byvoorbeeld beweer dat luitenant-kolonel Stewart 'n wit vlag aan generaal Colley se swaard vasgebind het sodat dit moes lyk asof Colley geskiet is terwyl hy die wit vlag gehys het. Hierdie bewering was heeltemal onwaar, want daar was geen wit vlag naby generaal Colley nie en dit het al die soldate wat by hom was bevestig. Alhoewel Aylward self daar was, het hy doelbewus 'n leuen in die koerante verkondig. Hy het ook 'n advertensie in die *Natal Witness* geplaas waarin vrywilligers gewerf is om saam met die Boere teen die Engelse te veg. Die advertensie het hy selfs in die *Daily Telegraph* laat plaas. Die *Natal Witness* kan dus beswaarlik as bron gebruik word vir navorsing oor die feite van die Eerste Vryheidsoorlog.



**Jan F. Cilliers**



Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 11, Nr 1, 1981. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

In Transvaal was daar hoofsaaklik drie koerante, naamlik *De Volkstem*, die *Transvaal Argus* en die *Staats Courant*.[18] *De Volkstem* en die *Staats Courant* is deur dieselfde drukker gepubliseer.[19] *De Volkstem* was in die ware sin van die woord die stem van die volk. Die redakteur, J. F. Celliers, het hom dit ten doel gestel om die griewe van die Transvalers, dus ook sy eie, te lug.[20] Die blad het reeds vanaf 1873 bestaan en was tydens die anneksasie van Transvaal 'n gevestigde koerant. Die Britse optrede het groot bitterheid onder die Boere veroorsaak en Celliers het wye publisiteit aan hul ontevredenheid verleen. Die Boere het dié blad ook beskou as 'n mondstuk van hul standpunt het alles wat in die koerant gepubliseer is as korrek aanvaar. In 1878 sê Lord Shepstone aan sir Bartle Frere dat die Boere net soveel in *De volkstem* glo as in die Bybel. Ná die anneksasie van Transvaal het *De Volkstem* skerp kritiek gelewer op die Britse regering. Shepstone het in 'n poging om die blad te onderdruk, Celliers se drukkersmateriaal, wat regeringseiendom was, opgeëis. Koerantpapier het so moeilik bekombaar geword dat Celliers in 'n stadium die druk van *De Volkstem* moes staak (10 Oktober 1878 tot 23 November 1878). Celliers het gevolglik slegs die belangrikste nuus op karton gedruk en versprei. Toe lord Shepstone sien dat Celliers voortgaan met die druk van sy koerant het hy die kontrak vir die druk van die *Staats Courant* en die handdrukpers, wat ook staatseiendom was, weggeneem en dit aan die *Transvaal Argus* gegee. Sodoende wou lord Shepstone Celliers die finale nekslag toedien en terselfdertyd die *Transvaal Argus*, met sy pro-Britse beleid, 'n hupstootjie gee. Celliers het egter sy ou drukpers reggemaak en voortgegaan met sy skerp kritiek op die Britse regering. Generaal Joubert, wat altyd vir Celliers gesteun het, het geld gekollekteer tydens die Boere se vergaderings om Celliers te help ten einde sy koerant te druk. Celliers het selfs so ver gegaan om besluite wat die Boere op hul vergaderings by Wonderfontein tussen 10 en 17 Desember 1819 geneem het in *De Volkstem* te publiseer. In Desember 1880 plaas Celliers 'n kennisgewing waarin die Boere bekendmaak dat hulle voortaan nie meer belasting aan die Britse regering sou betaal nie. Hy word direk daarna in hegtenis geneem en gevonnis tot 'n maand gevangenisstraf en £25 boete. Celliers teken appèl aan teen die vonnis, maar die saak word uitgestel as gevolg van die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog. Hy is direk na die oorlog vrygestel en het onverpoosd voortgegaan met die druk van sy koerant.

Die *Transvaal Argus* was nooit baie gewild onder die Boere nie vanweë sy pro-Britse beleid. Selfs lord Shepstone kon nie die blad se aansien verhoog met al die hulp wat dit van regeringskant ontvang het nie. Met die beleg van Pretoria het Decker, die redakteur, met sy toerusting 'n tent in die kamp by Pretoria betrek.

Tydens die beleg van Pretoria het 'n unieke klein koerantjie die lig gesien. 'n Rondreisende kunstenaar, ene Du Val, het langs Decker se koeranttent ingetrek. Daar het Du Val begin met die uitgee van *News of the Camp*. Volgens Du Val was dit 'n *'Journal of facts, fancies, notifications, gossip and general chit-chat for the beleagured inhabitants of Pretoria'*.[21] Dit was dus 'n blaadjie wat bloot 'n lewendige beskrywing gegee het van die daaglikse gebeure in die kamp in Pretoria. Die eerste uitgawe het op 25 Desember 1880 verskyn en die koerant is binne 'n radius van $1\frac{1}{2}$ myl van die koerantkantoor versprei. Dit het 'n aansienlike leserstal gehad. Die laaste uitgawe wat op 9 April 1881 verskyn het, is deur *De Volkstem* gepubliseer.




*Title-pieces and date-lines of De Volksstem. The photograph shows the offices of the newspaper, then in Church Street East: Celliers's ... editor at that time Frank Stevens's "The Golden Boot" was a boot and shoe warehouse. Note the special edition at bottom right.*

Die *Staats Courant* wat deur *De Volkstem* gedruk en versprei is, was uit die aard van die saak pro-Boer gesind. Nadat Lord Shepstone die kontrak vir die druk van die *Staats Courant* aan die *Transvaal Argus* gegee het, het die *Staats Courant* die Britse standpunt gesteun. Die Boere het tydens die oorlog hul eie *Staats Courant* in Potchefstroom gedruk. Een van dié koerante, met beskrywings oor die Engelse verliese, is na die beleërde Britse kamp by Potchefstroom gestuur om sodoende die vasgekeerde soldate nog meer te demoraliseer.[22]

Die koerante in Transvaal self kon dus nie veel inligting omtrent die oorlog verskaf nie aangesien hulle òf nie langer gepubliseer was nie òf omdat hulle vasgekeer was in 'n kamp wat deur die Boere omsingel is en dus nie inligting oor die oorlog kon bekom nie.

## Samevatting

Dit is dus duidelik dat die koerante wat tydens die Eerste Vryheidsoorlog uitgegee is nie as 'n betroubare bron gebruik kan word om die juiste geskiedenis van die Eerste Vryheidsoorlog te verhaal nie. Die kommunikasiemiddele was in die eerste plek té ondoeltreffend. Die inligting wat die pers verkry het was òf onvolledig òf onjuis. Die koerante, plaaslik en oorsee, het die inligting egter net so onvolledig en onveranderd gepubliseer en niemand het die feite bevraagteken nie. Die leserspubliek het die Boere in Transvaal swak geken weens die groot afstande wat hulle van die Transvaal geskei het en die gebrekkige kommunikasiemiddele. Die koerante kon gevolglik enigiets publiseer en hulle het dit ook gedoen. Die rede hiervoor lê voor die hand: die pers het die Eerste Vryheidsoorlog as 'n politieke stok gebruik. Dan was daar ook diegene wat 'n persoonlike vete met Brittanje gehad en die koerant gebruik het om die Britse regering te kritiseer. Daar was te veel persoonlike gevoelens by die oorlogskorrespondente en die koerantredakteurs aanwesig om hulle toe te laat om objektiewe en feitelike beskrywings van die gebeure in Transvaal te gee. Die slotsom waartoe geraak kan word is dan dat die koerante van dié tyd nie die juiste geskiedenis van die Eerste Vryheidsoorlog weergegee het nie.

* Lt A. M. Adlam, BA is verbonde aan die Dokumentasiediens van die SAW.

**VOETNOTE**

1. J. H. O. du Plessis: *Die Afrikaanse Pers:* 'n Studie van die ontstaan, ontwikkeling en rol van die Hollands-Afrikaanse Pers as sosiale instelling, Kaapstad, 1943.
2. Ibid, 1943.
3. J. H. Lehmann: *The First Boer War.* Londen, 1972, p 144.
4. Ibid, p 111.
5. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie metode, naamlik om inligting op 'n mikrofilm vas te lê, die eerste keer in November 1870 in Frankryk gevolg is. Gedurende die Frans-Pruisiese oorlog is die fotograaf René Dagron deur die Franse regering genader om inligting op mikrofilm vas te lê en vanuit Pruise na Frankryk te smokkel. Dagron het na Pruise vertrek en daarvandaan belangrike inligting na Frankryk gestuur, deur die mikrofilms aan posduiwe se stertvere vas te maak waarmee die duiwe dan na Frankryk gevlieg het. Meneer Gros het sy mikrofilms weer in 'n hol stok versteek om dit verby die vyand te smokkel.
6. Sien verdere besonderhede hieroor in kaptein R. von Moltke se artikel oor wapens wat in die Eerste Wêreldoorlog gebruik is.
7. Ibid, p 248.
8. Ibid, p 260.
9. Ibid, p 125.
10. Ibid, p 126.
11. J. H. O. du Plessis, Op cit., p 53.
12. *The (Grahamstown) Journal:* Grahamstad. Januarie 1881.
13. *De Vriend van die Souwereiniteit en Bloemfonteinsche Courant.* Bloemfontein. 23 Desember 1880.
14. J. H. O. du Plessis, op cit., p 90.
15. J. H. Lehman, op cit, p 178.
16. Daar is onder andere beweer dat die Boere vroue onteer het.
17. J. H. Lehman, op cit, p 90.
18. Volgens J. H. O. du Plessis, op cit, het die *Transvaal Argus* in 1868 die laaste keer verskyn voor dit en die *Advocate* saamgesmelt het onder die naam *Transvaal Advocate.* Volgens Du Plessis is die *Transvaal Argus* nie na 1869 gepubliseer nie. Al die ander bronne verwys egter na die *Transvaal Argus* en nie die *Transvaal Advocate* nie.
19. Tydens die oorlog is twee *Staats Courante* gedruk, naamlik die een deur die Engelse en die een wat deur die Boere uitgegee is.
20. Die redakteur van *De Volkstem,* J. F. Celliers was die vader van die bekende digter/skrywer J. F. E. Celliers.
21. S. P. Engelbrecht, J. A. J. Agar-Hamilton, et al: Pretoria (1855-1955): *Geskiedenis van die stad Pretoria.* Pretoria, 1955, p 339.
22. Volgens J. H. Lehmann, op cit, p 205, het Cronje die koerant aan die beleërde kamp by Potchefstroom gestuur. Kolonel Winsloe, die bevelvoerder van die kamp, het Cronje spottenderwys verwittig dat 'n gereelde eksemplaar van die koerant baie welkom sou wees.